Ges. 155: 1, 3.
" 36: 1, 2.
" 152: 1, 2.

## Dienskneg te v God.

1 Kor. 4: 1-16.

Bevestiging Frans Pr. Oos 6 Mei '54

1 Kor. 4:1 — So moet ons dan beskou word as dienaars van Xtus en bedienaars v.d. verborgenhede v G.

Die Kerk v. Xtus ~~op aarde~~ is nie 'n menslike skepping of instelling nie — dis 'n bonatuurlike, ~~god~~ ewige skepping van God d. Vader deur Xt. J. sy Seun. 'n Gemeente wat deel vorm van hd. Kerk op aarde is dus ook nie 'n mensl. organisasie nie, al gebruik God mense om dit te stig, te bou, & te bevorder. Volgens d. Bybel is d. gemeente 'n koninklike ~~heilige~~ priesterdom, 'n uitverkore geslag, 'n heilige volk. Elke ware en lewende lid van so 'n gemeente is dus 'n priester ~~v God~~ met 'n besondere roeping v toerusting — met 'n taak deur God daargestel en met regte & voorregte deur God gegee.

In hd. lig moet ons dan ook alles beoordeel wat so 'n gemeente geroepe word om i.d. naam v God te verrig. Bv. beroeping & bevestiging ~~leraar~~, v 'n leraar ~~bevestiging~~ — Kiesing ampsdraers — die bearbeiding v.d. gemeente — d. bediening v.d. Wd & die sakramente ‖: al hd. dinge moet gesien & geoordeel word i.d. lig v.d. besondere roeping & funksie v.d. gemeente v God.

In hd. lig moet ook d. leierskap & verantwoordelikhede v.d. herders & leraars v.d. gemeente gesien & bepaal word. Omdat d. gemeente nie 'n skepping v. mense is nie, maar v God, is ook sy leiers nie mensgekose leiers nie, maar vind d. keuse plaas onder d. beskikkende & bestierende hand van God. Die Bybel (byname N.T.) is dan ook baie dui-

delik op d. punt van hoe d. diens v.d. gemeente beskou moet word. Heersers & diktators is hulle nie & mag hulle nooit wees nie — dan pas hulle nie in in d groot oogmerk v God vir sy gemeente & sy Kerk nie; / diens & opvoeders i.d. gewone sin is hulle ook nie — want dié het al d. wêreldse instellinge ook.

Voor God is hulle dienaars van Xtus & bedienaars v.d. verborgenhede v God. Hd. dubbele benaming wat Paulus gee in 1 Kor. 4:1 verwys na die plek & taak v.d. herders & leraars in d. gemeente van Korinthe. Toe daar, deur d. bediening van Petrus & Paulus & Apollos i.d. eerste Xt. Kerk sommige was wat 'n skewe denkbeeld begin opbou het oor d. werk & getuienis v.d. leraar.

I Dienaars v. Xtus: Die woord wat hier vir dienaar gebruik word beteken eintlik 'n man wat roei onder bevel van iemand anders — iemand wat hom nyw. hlp in diens van 'n ander persoon stel. Paulus dus hier in gedagte d. meer aktiewe (inspannende, verbeisende) sy v.d. Xt. bediening met al sy eise en verpligtinge.

① Nie van hulleself: So maklik kan 'n Evang. dienaar i.d. versoeking verval om onder dekmantel van diens aan Xt. sy eie sin, begeertes, wense te laat seëvier, sy eie oogmerke te wil nastreeve, sy eie eer & aansien te soek & te verhoog (verkry).



② Nie v.d. gemeente nie: Al word 'n Ev. dienaar geroep tot d. diens i.d.v. gemeente, is hy nie in d. eerste plek 'n dienaar v.d. gemeente nie. As hy dit wees nastreeve sal sy posisie baie gou 'n onmoontlike word — 'n posisie waar hy soek om d. gemeente te behaag i.p.v. God — om een seksie te dien i.p.v. d. hele gemeente te bedien. — om aan een mensegroep verbonde te wees i.p.v. alle groepe aan God te wil verbind. Baie gou sal d. gemeente so 'n diens ook begin uitbuit — soos gebeur het in Korinthe waar d. een Petrus verkies het om sy pers. verbintenis m. Xtus, d. ander Apollos om sy meeslepende welsprekendheid, d. derde Paulus om sy dieper siening v.d. raadsplan van God.

③ Van Xtus: — Hom erken as d. Heer wat volle gesag het oor ons lewe & ons diens; Hom gehoorsaam onder alle omstandighede al kos dit wat; by Hem kom leer wat waarheid & nederigheid & reinheid is.

Dan eers kan sulke diensknegte onderworpe wees aan mekaar!

II Bedienaars v.d. verborgenhede v God: Die wd. bedienaar beteken hier eintlik 'n vertroude slaaf aan wie d. huisheer sy hele huishouding opdra — i.d. besonder d. taak om al d. ander slawe hulle plig & werk aan te wys. Paulus dus hier in gedagte d. meer min., geestel. sy v.d. bediening.

Die leraar word dus toevertrou met kosbare hemelse gaedere & besittinge (nie syne nie sy meester s'n) wat hy moet uitdeel & beskikbaar stel. Hy is dus nie 'n amptenaar soos iemand in diens v.d. staat nie, nie 'n bedienaar ifd diens van God. // Aan hom is toevertrou d. bediening v.d. verborgenhede v God:

- Verborgenhd van: — Verlossing (Blye Ev.)
  — Versoening (2 Kor 5: 18)
- Verklaring van: — Versoeking & sy oorsake
  — Bepreeking & sy doel.

Aan hom word ~~t~~ geskenk d. onnvergelyklike voorreg om met mense te deel in d. oomblikke v. hulle hoogste vreugde & hulle diepste leed; aan hom word toevertrou d. seënende taak om d. lig v. Gods liefde te laat val op duistere en 'n andus onverstaanbare gebeure in mense se lewens; aan hom word gebied d. heerlike geleentheid om d. gemeente v Xtus ifd waarheid v God & Sy Wd in te lei.

Gevaar van: a) Verwaarloosing

b) Verstikking

c) Verflouing